Druipelingplan lok reaksie uit talle oorde

Alet Rademeyer

PRETORIA. – Die Raad van Onderwysministers (ROM) se plan om matrikulante wat vanjaar druip volgende jaar 'n tweede kans te gee om hul eksamen in Mei oor te skryf, is uit verskeie oorde veroordeel.

Die ROM het die besluit vandeesweek in Kaapstad goedgekeur.

Dr. Elda de Waal, dosent in onderwysreg aan die skool vir opvoedkundige wetenskappe aan die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-universiteit (NWU), het gesê sy hoop regtig nie die aankondiging spruit uit die huidige staking van onderwysers nie.

"Die minister behoort geloof te word dat sy besef dat daar 'n krisis rondom vanjaar se matrikulante is. Maar as dit bloot is omdat sekere onderwysers nie nou klasgee nie, is dit om die verkeerde redes."

De Waal meen hoewel die gedagte edel is, kan dit enorme probleme tot gevolg hê vir ander leerlinge wat dink hulle kan maar nou slap lê, "want hulle gaan mos 'n tweede kans kry".

Sy meen ook as die regering 'n uitsondering vir gr. 12-leerlinge maak, hoekom nie ook vir gr. 11-leerlinge nie? "Hulle kan seker ook met reg aanvoer dat die nuwe kurrikulum vir hulle te moeilik was en dat hulle ook 'n tweede kans verdien."

Volgens De Waal is die vraag ook of die vergunning vir alle matrikulante gaan wees en of diegene wat sekere vakke wil verbeter of persoonlike probleme soos die afsterwe van familie gehad het, ook 'n tweede kans gaan kry.

Sy sê voorts daar moes lankal ingegryp gewees het om onderwysers wat vir matrikulante klasgee ook as noodsaaklike dienste te verklaar.

Prof. Kobus Maree, verbonde aan die fakulteit opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria (UP), het ook 'n beswaar teen die onderwysdepartement se ad hoc-beplanning. "Dis sake van nasionale belang en mens kondig nie 'n ingrypingsplan in Junie af nie.

" 'n Mens verwelkom die toegewings, maar dit laat 'n wrang smaak."

Maree het gesê die besluit om matrikulante middel volgende jaar 'n twee-de kans te gee, het ook gevolge vir hoër onderwys. "Die vraag is op grond van watter uitslae universiteite studente gaan moet toelaat. Is dit enigsins met instellings gekonsulteer? En op grond van watter uitslae gaan jy sekere studente toelaat en ander wegwys?"

Maree het ook talle onderwysers se vrese verwoord. Is dit 'n nasionale plan? Gaan elke skool sy druipelinge moet terugneem en onderrig totdat hulle weer eksamen skryf of gaan hulle dit op hul eie moet regkry? En watter onderwysers gaan gegewe die geweldige druk op hulle, hiervoor beskikbaar wees? " 'n Ondeurdagte plan, wat talle logistieke vrae laat ontstaan," meen Maree.